PATHOLOGISTS
LANCET LABORATORIES
Key to Diagnostic Excellence

# ANDROLOGY GUIDELINES - AFRIKAANS

**LET ASSEBLIEF OP:**

Semen ontleding word slegs per afspraak gedoen en monsters kan slegs by sekere Lancet Laboratoriums ingedien word.
Sien asseblief "Dienspunte" en "Koste van die toets" hieronder en skakel ons dan gedurende kantoor ure om 'n afspraak te maak (sien kontak nommers hieronder).

1. Onthou jouself van alle seksuele aktiwiteite (insluitend masturbasie)vir 'n minimum van 3 dae, maar nie langer as 7 dae nie, voor die monster versamel word.

2. Produseer asseblief die monster tuis. 'n Steriele houer word benodig vir versameling van 'n semen monster en dit kan by enige Lancet Laboratorium / Depot naby jou verkry word. Vra vir 'n "urien houer".

3. Die monster moet versamel word deur masturbering en ejakulasie van die semen direk in hierdie houer. Die hele ejakulasie moet versamel word.

4. Maak die deksel dig toe om lekkasie te verhoed. Moenie die houer in enigiets toedraai nie.

5. MOENIE seep, skoonmaakmiddels, water, smeerolie of kondome gebruik om met versameling van die monster te help nie, want dit kan moontlik die resultate beïnvloed.

6. Geen seks mag gedurende versameling van die monster betrokke wees nie.

7. Semen MOENIE aan temperatuur afwykings blootgestel word nie. Dit moet teen liggaamstemperatuur gehou word totdat dit by die laboratorium ingedien word. Die beste is om die monster naby aan jou liggaam te hou (binne-in jou broeksak). MOENIE die monster verhit of verkoel nie.

8. Die monster moet binne 1 ½ uur vandat dit geproduseer is by die laboratorium uitkom.

9. As jy 'n vasektomie gehad het, laat asseblief ten minste 8 weke ná die operasie toe voordat u 'n monster gee om getoets te word.

**KOSTE VAN DIE TOETS:**
Semen ontleding: R1 300
Post vasektomie toets: R250

Geen mediese fonds word aanvaar nie. Eis asseblief ná die tyd by jou mediese fonds.

**DIENSPUNTE:**

As jy in Gauteng is, bespreek asseblief jou toets by die volgende nommer:
012 664 8596 (ongeag van watter laboratorium jy hieronder kies om die monster by in te dien)

# MONSTERS KAN BY DIE VOLGENDE LABORATORIUMS INGEDIEN WORD:

## IN JOHANNESBURG:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Flora Clinic** | 14de Laan, Roodepoort | Lancet Lab is op die laer grondvloer. Gebruik die Hoof Ingang | Slegs Donderdae | 7H00 – 8H30 |
| **Sunward Park Hospitaal, Boksburg** | Lancet Lab oorkant die hospitaal in 4 Albrechtstraat | | Slegs Woensdae | 7H00 – 8H30 |
| **Morningside Mediclinic** | Rivonia straat, Morningside | Lancet Lab by Rochester Place, Blok A, grondvloer – langsaan Morningside Mediclinic | Slegs Dinsdae | 7H00 – 8H30 |
| **Lancet Corner** | H/v Stanley & Menton straat, Richmond, Auckland Park | Dien asseblief in by Patient Reception in Menton straat. | Maandag tot Vrydag | 7H00 – 8H00 |

## IN CENTURION:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Unitas Hospitaal** | Lifestyle Management Park | Eenheid 4, 2de vloer, Kamer 212 langsaan die hospitaal | Maandag tot Vrydag | 8H00 – 10H00 |

## IN PRETORIA:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Louis Pasteur Hospitaal** | H/v Francis Baard & Sisulu st, Pretoria Sentraal. | 8ste vloer, kamer 835 | Maandag tot Vrydag | 7H00 – 9H00 |
| **Urologie-hospitaal** | H/v Grosvenor & Pretorius-straat, Hatfield | Lancet lab op grondvloer | Maandag tot Vrydag | 7H00 – 8H30 |

**U kan ook die toets die volgende plekke laat doen wat u kan kontak by die nommers hieronder aangedui:**

- KZN (Durban) - 031 308 6558/29/00
- Kaapstad - 021 673 1700
- Polokwane - 015 294 0400
- Nelspruit - 013 752 8407
- Tzaneen - 015 307 4849
- Rustenburg - 014 597 8510
- Potchefstroom - 018 293 8260